

21 April

Skrifgedeelte: Esegïel 3:16-5:17

Fokusgedeelte: Esegïel 3:16-22

Jy moet jou verantwoordelikheid nakom

Esegïel het geweet dat hy in sy werk met baie weerstand te doen sou kry. Die weerstand moes hom egter nie afskrik of daarvan weerhou om sy werk te doen nie. Die mense in die ballingskap moes tot die besef kom dat dit wat met hulle gebeur het, God se straf op hulle sonde was. Toe hulle nog in Jerusalem en Juda was, voor die ballingskap, het God hulle ernstig gewaarsku deur profete soos Jeremia. Op die tydstip toe Esegïel in Babel as profeet opgetree het, was Jeremia nog steeds in Jerusalem werksaam. Die volk van Juda is gewaarsku dat hulle hulle moes bekeer, anders kom God se oordeel. Die mense met wie Esegïel gepraat het, het reeds die oordeel aan hulle eie lyf ervaar. Esegïel moes steeds aan hulle die oproep tot bekering bring. Hulle moes hulle eie skuld besef en hulle tot God bekeer. Esegïel se verantwoordelikheid was om te profeteer, om God se Woord te verkondig. Die volk moes reageer. Hulle moes luister en hulle bekeer. God sê vir Esegïel dat hy sy werk moes doen. Hy kan nie die bekeringswerk namens die volk doen nie, maar hy moes verkondig. As hy dit doen, is sy taak afgehandel. Dit is vir ons 'n groot troos om te weet dat God ons gebruik – maar dat ons net moet doen wat aan ons opgedra is. Die verdere uitkoms is in God se hande. Wanneer ons ons verantwoordelikheid nagekom het, kan ons dus ook rustig die uitkoms in God se hande laat.

Sing: Psalm 103:9

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)